# SUIDERNUUS
SOUTHERN POST

VRYDAG
1 Mei 2020

BREDASDORP, NAPIER, WAENHUISKRANS, STRUISBAAI, AGULHAS, ELIM, KLIPDALE, PROTEM, RIVIERSONDEREND, BUFFELJAGSRIVIER, WOLVENGAT, OUPLAAS, SWELLENDAM, SUURBRAAK

GRATIS FREE



MIDAS
BREDASDORP MIDAS
Tel: 028 424 1361
All Saints Street, Bredasdorp


## POSITIVE #CORONAVIRUS CASES - OVERBERG 30/04

| WESTERN CAPE | * OVERBERG | CAPE AGULHAS | SWELLENDAM | THEEWATERS-KLOOF | OVERSTRAND |
|---|---|---|---|---|---|
| 2371 | 14 | 0 | 0 | 1 | 13 |

* 11 patients fully recovered 3 active




Gesondheidswerkers in die Kaap Agulhas Munisipale streek is steeds aan die gang met die Covid-19 siftingsinisiatief om die gemeenskap veilig te hou.

# LEVEL 4 RESTRICTIONS

Page 9


Pavilion Sentrum, Langstraat, Bredasdorp, P.O. Box 597, Sanlamhof, 7532 Tel. (028) 424 1986 Fax. (028) 424 1048

telectro
connecting you

Dienste:
- Kontrakte
- Opgraderings
- Bybehore
- Voorafbetaalde kaarte
- Vervang van sim kaarte

- *"Number Portability" (Nommer oorbring van enige ander sellulêre netwerk na die Vodacom netwerk)*

vodacom

Vir enige Navrae kan u ons kom besoek of skakel.

COETZEE HEARING PRACTICE

HEARING TESTS

FITTING OF HEARING AIDS

Now at Dynamic Vision
(Van der Merwe Optometrists)
Opposite Dr Bosch's rooms
7 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
Franco Coetzee
franco@hpractice.co.za
028 424 2611
028 312 1307
Contact Lynette for an appointment

CHERRY DE BEER OPTOMETRIST

*Promosie*

**Gratis sonbril of leesbril met 'n nuwe bril!**

*(Net geldig saam met 'n nuwe raam en lense. Pakette uitgesluit) T&C's apply*

Seewier Str. 6, Struisbaai, Tel: 028 435 6454
Pavilion Sentrum No 15, Bredasdorp, Tel: 028 425 1540


**SUIDERNUUS (slegs) open weer op Maandag, 4 Mei**
**SOUTHERN POST (only) to open again on Monday, 4 May**
*Maan/Mon - Don/Thurs: 09h00-17h00 Vry/Fri: 09h00-13h00*

# Glo ek jou of glo ek jou nie!

***Gedagtes oor die impak van fop of vals nuus in 'n tyd waarin baie in nood verkeer***

**Ons bevind onsself in 'n tydgleuf waarin dit al moeiliker word om te onderskei tusssen dit waarna ons deesdae verwys as "fopnuus" en regte egte geloofwaardige nuus. Fopnuus gaan verder ook hand aan hand met sosiale media platforms waarop hierdie soort nuus gewoonlik versprei word. Die enigste dag van die jaar waarop ook die hoofstroom media dit in die verlede gewaag het om openlik sulke nuus te versprei, was op 1 April, die dag wat op Engels algemeen bekend gestaan het as April's Fool's Day!**



Sedert die begin van die Corona/COVID-19 era, is sosiale media platforms al by veel meer as net een geleentheid letterlik oorstroom deur fopnuus waarop lede van die publiek, sonder om twee keer te dink, gereageer en soms selfs op loop gegaan het. Wat is dan nou makliker as om 'n opmerking te plaas en daarna 'n knoppie op jou rekenaar of slimfoon te druk.

**Kospakkies en fopnuus**

Wanneer ons van kospakkies of "hampers" praat, verwys ons na sakke of ander houers waarin 'n verskeidenheid produkte verpak word, in hierdie geval, vir verspreiding onder en gebruik deur huishoudings met wie dit onder die heersende omstandighede baie sleg gaan. In ons streek versprei verskeie organisasies en groepe tans sulke pakkies waarvan sommige meer produkte en ander minder bevat.

Dit was na bewering juis na aanleiding hiervan dat valse fopnuus die rondte begin doen het in Bredasdorp, so op die vooraand van Kaap Agulhas Munisipaliteit se eie "reuse" kospakkie inisiatief wat op 30 April van stapel gestuur sou word. Volgens die Uitvoerende Burgemeester se verklaring word 3 000 kospakkies ter waarde van R450 elk van Donderdag 30 April af aan gesinne oor die lengte en breedte van Kaap Agulhas se munisipale gebied versprei. Ontvangers is na wat verneem is almal vooraf geverifieer.

**Nood in 5 500 tot 6 000 huishoudings groot maar ....**

Die nood is volgens die Uitvoerende Burgemeester groot en hy het 'n beroep op inwoners gedoen om eerder saam te werk in 'n tyd soos hierdie. Hy het verder daarop gewys dat KAM een van die eerste munisipaliteite was wat uit eie fondse sommer al vroeg begin uitreik het om die nood te verlig, hoofsaaklik deur fondse beskikbaar te stel vir sopkombuise in die onderskeie dorpe. Fondse word oorbetaal aan geregistreerde welsynsorganisasies wat dan verantwoordelikheid aanvaar vir die verantwoordelike besteding van hierdie geld. Dit sluit egter nie skenkings en hulp van ander lede van die gemeenskap in die verskillende dorpe uit nie – inteendeel.

**Ora Laubscher**



**CAM's own huge food hamper drive that was launched on Thursday 30th April consisting of 3 000 hampers to the value of R450 each. False news regarding the distribution of food parcels surfaced in the course of the week resulting in the Executive Mayor's plea to residents to work together and to refrain from spreading any unfounded rumours regarding the delivery of food parcels as private individuals and independent organizations were also active in all the towns.**

# Premier Winde se weeklikse opdatering rakende die COVOID-19 situasie in die provinsie

***30 803 persone tot op datum vir COVOID-19 getoets in die Wes-Kaap***

**Luidens die media bekendstelling wat op Woensdag, 29 April deur Premier Alan Winde uitgereik is, is nog drie COVOID-19 verwante sterfgevalle aangeteken. By al drie die pasiënte – twee mans van onderskeidelik 78 en 67 en een 79 jarige vrou – is ook met ander onderliggende siektetoestande gediagnoseer. Dit bring die totale aantal COVOID-19 verwante totale sterftes in die provinsie op 38 te staan.**

Bykans 200 000 mense is sedert die siftings/toetsings veldtog in die provinsie begin is, gesif met 7 000 van hierdie persone wat ook getoets is. Hierdie prosedure maak dit vir die provinsiale gesondheidsowerhede moontlik om te bepaal in watter dele van die provinsie die voorvalle van COVOID-19 die hoogste is en identifiseer terselfdertyd ook potensieel siek mense wat dan vir toetsing verwys word.

So kon daar sonder versuim beheermaatreëls ingestel word toe dit geblyk het dat die getal positief getoetste persone in die Witzenbergstreek aan die styg is. Waar die Witzenbergstreek hoofsaaklik 'n landboustreek is met baie agriwerkers wat op 'n daaglikse basis rondbeweeg, is daar sonder meer 35 000 gesigmaskers, met die hulp van Agri Wes-Kaap en AFASA, in die streek beskikbaargestel.

**Skole en hospitale**

Dit wil voorkom asof reëlings met betrekking tot die begindatums van skole en instansies van hoër onderwys in die provinsie nog nie vasgeknoop is nie – daar word volgens Winde gewag op persverklarings in hierdie verband deur die nasionale ministers van basiese en hoër onderwys. Op Woensdag, 29 April is 'n video-konferensie en bespreking oor hierdie baie moeilike dog belangrike kwessie gebeeldsend.

Terwyl daar gewag word op die voorspelde verdubbeling van die aantal gevalle in die Provinsie wat positief toets vir die virus, is daar volgens die verslag ook reeds begin met die omskepping en inrigting van die ITCC of Internasionale Konferensiesentrum in Kaapstad in 'n COVOID-19 hospitaal met 800 beddens waar akute pasiënte behandel sal kan word.

**Ora Laubscher**




# Groot skrik vir Swellendam

**Op Woensdag, 29 April het inwoners van Swellendam groot geskrik toe dit bekend word dat daar moontlik positiewe COVID-19 gevalle in die dorp is.**

Dit het later geblyk dat 'n lid van die SAPD op die dorp met 'n lid wat van Worcester kom, in aanraking was, wie nie van haar status bewus was nie.

Die plaaslike lid en sy eggenote is tans in selfisolasie en wagtend op die uitslae. Daar word gepoog om persone wat met hulle in aanraking was, op te spoor en te versoek om in self-isloasie te gaan.

Die kantore op Swellendam is vir 'n paar dae gesluit terwyl dit ontsmet word en word hulle tans in die stadsaal geakkommodeer vanwaar hulle met hul daaglikse bedrywighede voortgaan.

Hierdie voorval is waarmee inwoners landwyd mee te doen gaan kry en aan blootgestel word. Mense moet voordat hulle 'n munispale grens oorsteek, seker maak van hul status en dan beskermde maatreëls gehoorsaam.

**SWELLENDAM POLICE STATION (CSC)**

**WE'RE OPEN: SWELLENDAM TOWN HALL. PHONE: 028 514 8104**

Trusted source of the ODM

# 2 920 gesif en 27 geïdentifiseer vir toetsing in Kaap Agulhas sub-distrik

***"Alhoewel van die uitslae nog uitstaande is, is niemand nog positief getoets of gehospitaliseer nie."*** **So het dr Jaques du Toit by navraag gerapporteer na afloop van 'n volle week se intensiewe sifting en toetsing in die substreek wat op Maandag 20 April in Waenhuiskrans afgeskop het.**

Du Toit het aangedui dat uit die 2 920 persone wat oor hierdie tydperk hier gesif is, slegs 27 mense geïdentifiseer is met simptome wat toetsing vir die virus geregverdig het.



**Dr Johan Schroevers explaining the procedure as residents were lining up to be screened on Thursday April 23rd in Napier. It appeared that many of them still did not understand what the difference between "screening" and "testing" was. He requested patients to contact their local clinics for advice if in doubt. Dr Jaques du Toit who is in charge of medical services in Swellendam and Cape Agulhas also warned residents to take special care as Winter colds and flu will start coming to the table soon. Eventually, residents will only report high risk and seriously ill patients to the health authorities.**




**In Napier residents were screened for Covid-19 at various so called fixed points in town. At these stations, the medical staff repeatedly informed all present that only those individuals who were found to display certain symptoms, would be "tested". In the end, only 27 out of 2 920 persons screened in Cape Agulhas Sub District, were tested and up to date – in spite of the fact that all the results were not yet available, nobody had been hospitalized.**

Alhoewel daar aanvanklik beplan is om in die onderskeie dorpe deur-tot-deur sifting te onderneem, tesame met die sifting van persone op bepaalde voorafbepaalde vaste punte in die dorpe, is daar op grond van die feit dat so 'n proses besonder tydrowend is, daarteen besluit. Du Toit het in hierdie verband verduidelik dat die mediese spanne *"eenvoudig nie oor die nodige kapasiteit beskik"* om naas die vaste punt sifting, ook nog by huishoudings aan te doen nie.

**"Slegs een geval kan binne een maand 400 aansteek!**

Dr Du Toit het verder 'n vriendelike dog dringende versoek aan die inwoners van die streek gerig om meer versigtig te wees en om nie risiko's vir hulleself en vir ander te veroorsaak nie. Een geval, het hy verduidelik, kan binne bestek van een maand 400 ander persone aansteek met ernstige implikasies vir almal!

*"Beskerm julle huise, strate, buurte en gemeenskappe. Mense besef nog nie die erns van die situasie nie. Groot verwarring en uitdagings kom wanneer die normale wintergriep sy houvas begin kry. Elkeen moet dan weet wat om te doen en om nie die klinieke en gesondheidstelsels te oorlaai nie"* was sy raad aan alle inwoners van die Overberg.

**Hierdie riglyne moet lede van die publiek navolg wanneer die winterverkoues en griep aan die deur kom klop**

Dr Du Toit het ten slotte die volgende riglyne uitgestippel wat ook by die vaste punte op die onderskeie dorpe deur die mediese dokter wat daar in beheer van die sifting was, aan die lede van die publiek deurgegee is.

1. Met gewone griep bly jy by die huis en behandel jou simptome tuis.
2. So sal dit uiteindelik ook die geval wees met Covid-19. Jy sal tuisbly, jouself afsonder en die simptome behandel.
3. Slegs wanneer jy komplikasies ontwikkel en 'n hoë risiko pasiënt is, moet daar proaktief opgetree word.

Dit was opmerklik dat baie mense wat op Napier by die vaste punte kom aanmeld het vir sifting, nie duidelikheid gehad het oor wat presies met "sifting" bedoel word en wanneer daar oorgegaan word na "toetsing" nie. Hierdie boodskap is dan ook by herhaling deur mediese personeel aan almal wat getrou die 1½ meter afstand tussen mekaar gehandhaaf het, terwyl hulle hulle beurt afgewag het, oorgedra.

**Ora Laubscher**




**Keep your Distance – the message brought forward by Dr Mbombo, Minister of health in the Western Province as screening and testing goes on in the province.**

# Biljoene reeds deur UIF/WVF fonds uitbetaal, rokers nog op hok en 'n effense verligting vir stappers!

**Vlak vier van inperking wat op 1 Mei af in werking tree, gaan nie vir al die inwoners van Suid-Afrika ewe gelukkig maak nie. Inteendeel, waar daar vir stappers en drawwers effense verligting in die vooruitsig is in die vorm van 'n toegelate staptyd van 3 ure tussen 6vm en 9vm binne 'n radius van 5 km van hulle wonings af, sal rokers wat net-net bly geword het toe daar 'n week gelede aangekondig is dat sigarette na alle waarskynlikheid weer te koop aangebied gaan word, hulle rooklus maar vir nog 'n termyn in die kas moet wegbêre.**

Die versamelaars van items wat herwin kan word – 'n groot bron van inkomste vir veral hawelose mense in die stede – kan weer asemhaal terwyl diegene wat na COVOID-19 òf sonder werk sit òf tydelik afgesit is, darem tydelik kan steun op uitbetalings van die Werkloosheidsversekeringsfonds. Die Departement van Arbeid het op 29 April bekend gemaak dat 5 biljoen Rand reeds deur die Department aan Werkloosheidsversekering uitbetaal is sedert die COVOID-19 pandemie in Suid-Afrika uitgebreek het. Versnelde eis en uitbetalings meganismes en prosedures is volgens die department ook werking gestel.

**Volg op bl.**




**Op 1 Mei betree Suid-Afrikaners nie alleen vlak 4 in die stryd teen die CONONA virus nie, maar sal hulle ook teen wil en dank 'n hele paar ander uitdagings in die gesig moet staar. Een van hulle is die aanbeveling van die ministeriële komitee rakende haarkappers en skoonheidsdeskundiges. Hierdie praktisyns mag steeds nie hulle deure oopmaak nie en gebruikers van hierdie dienste is aangeraai om hulleself te wend tot selfsorg wat betref die versorging van hare, naels en skoonheidsbehandelings oor die algemeen.**




# Alom bekende Napierdorper oorlede

**Johan Vermeulen van Napier is Woensdag, 29 April in die ouderdom van 63 jaar en 11 maande oorlede.**



Wyle Johan Vermeulen.

Wyle Johan is gebore en getoë op Napier. Hy het saam met sy pa in die slaghuis gewerk, maar was veral as vee spekulant bekend. Hy het die hele Overberg deurkruis en velle, huide en wol opgekoop. Johan is in 1985 met Mariza van Rensburg getroud en hul het 'n seun, Marnits.

Johan het in Desember 2019 ongesteld geraak as gevolg van 'n obstruksie in die dikderm waarna hy ses dae in hoësorg was. Op 27 Maart het hy 'n operasie ondergaan en daarna geleidelik verswak, maar nie meer pyn gehad nie.

Die verassing is privaat en 'n diens sal later plaaslik gehou word, sodra die grendeltyd dit toelaat.

## BEDANKING

### VERMEULEN: JOHAN

Baie dankie aan almal wat my bygestaan het met Johan se siekte. Julle is so baie en elkeen weet presies wie hy is en wat hy vir my en Johan gedoen het. Ons waardeer dit uit ons harte. Dankie aan die Otto du Plessis Hospitaal by name Drs. Johan Schoovers, Johann Latski en Yolande Rabe, julle was wonderlik! Ook elke suster, verpleegster en ander personeel.

**Mariza Vermeulen**

# Tin Lady passes away

**Aletta Glad, a well-known and much-loved resident of Napier and local artist and entrepreneur of long standing, passed away in hospital last week.**

Aletta was well known by her Tin Art – very special creations such as candle holders, mugs and watering cans were created by her out of tins and sold at craft markets all over the region. Many residents provided her with tins and wherever she went, she was never too much in a hurry to exchange a friendly word or two in passing.

Aletta shared her house in Tamatiekraal, Napier with Chloe her dog, her friend for life. Last week Aletta was taken to hospital with a stroke. In these difficult times, no one was allowed to visit her but dear friends took care of Chloe and other friends and family took care of the house.

Chloe, her dog and friend for life, was not able to eat, sit, or lie down, she was crying and crying until the Vet said ... it is time to go.

The following very special message was written by a dear friend and neighbour who often accompanied Aletta to craft markets and who was also present, with other friends, when she was taken to hospital from her house:

*"When the Doctor in Hospital called Martie - the partner of Johan, her son, who died 2 years ago - Martie came all the way from Wellington and she was allowed to be with Aletta.*

*She told Aletta that all her other friends sent her greetings and hugs and Martie also told her that Chloe was fine, that her the house was fine, after which she fell in a deep satisfied sleep. It was as if she had just waited for Martie before falling into a deep sleep and has since joined Chloe who was waiting for her on a bright white cloud... they are together now in Heaven."*

Thanking everybody who, in whatever way, helped Aletta. She is now in Heaven where there is NO pain and NO sorrows. Aletta will be remembered as always friendly and as an artist who could transform whatever tin into an ARTWORK.

May God bless her and rest in Peace.

**Ora Laubscher**

## *No legs / Nou worries*



**Anton Franken**

God kan ons help om die klein meesterwerke in ons daaglikse lewe raak te sien en ons te help om dit ook te geniet. En hoe wonderlik dat God dit saam met ons geniet! Daar is nie 'n gejaagdheid hieraan verbonde nie; God nooi ons uit om dag vir dag te leef en elke dag ten volle te leef en geniet.

Dit beteken nie ons is lui of met min tevrede nie. Inteendeel, dit gee vir ons die geleentheid om die ongelooflike in die alledaagse raak te sien. Ons kry die geleentheid om regte wonderwerke weer te sien.

Ek het waardelesse uit die lewe geleer in n rolstoel. Dankbaarheid - ek waardeer die klein dinge in die lewe hoe gering dit ookal is. Dit beteken nie my lewe is maklik nie, daar is uitdagings en dit maak my net sterker elke dag.

# Biljoene reeds deur UIF/WVF fonds uitbetaal, rokers nog op hok en 'n effense verligting vir stappers!

**Na vlak 3 en vir wat ookal daarna gebeur**

Nie veel het dus verander nie en intussen duur binnegevegte oor veral kospakkies wat wel of nie ontvang is nie en oor die grootte van hierdie kospakkies nog onverwyld voort. Oor een ding is daar egter geen onduidelikheid nie en dit is die voorskrif wat op 1 Mei inwerking tree rakende die dra van 'n lap gesigmasker in die openbaar en tussen ander mense. Of baie Suid-Afrikaners hulle egter wel hieraan gaan steur, is egter 'n heel ander vraag, een waarooor ons op Werkersdag op 1 Mei meer duidelikheid sal kry wanneer die dra van so 'n masker of serp verpligtend word.

**Ora Laubscher**

***Alle advertensies kan ingestuur word na***
***suidernuusads@isat.co.za / skakel 028 424 1205 k/u***



**Anglican Church**
**Holy Eucharist at**
All Saints' Church: 09h30
Heilige Kommunie by Kerk van Heilige Gees: 07h30
028 424 1668

**Afrikaanse Protestantse Kerk**
Gansbaai by Birkenhead Bootklub, Gansbaaihawe
2de en 4de Sondag van die maand om 10h00
Kontakpersone:
Jan Venter 028 388 0106
Annatjie Otto 028 381 99400

**AGS Bredasdorp**
Hoopstraat 50
Erediens: 09h30
Kinderkerk tydens diens
Walters Joubert
Sel. 082 897 6065

**Betanië Pinkster**
Akasiastraat 11
Sondagoggend: 10h00
Apostel Prins
076 208 3881

**Bet-el Kerk**
Sondagoggend: 10h00
Sondagaand: 18h00
028 424 1922

**Bredasdorp Catholic Church**
All Saints, Anglican Church, All Saints Street, Bredasdorp
Every Sundays: 11h30
Christmas Service 11h30 on Christmas Day
Contact Mark
028 424 2720 / 083 232 7138

**Bredasdorp Inter-Denominational Church**
ACVV Dienssentrum
Hopley Street
Sunday Morning: 09h00
Des Moore
076 191 4832

**BAH'A'I Sentrum**
Rekreasiestraat 2
Bredasdorp
Children's
Wednesday class: 15h30
Devotional Sundays: 10h00

**Die Ou Apostoliese Kerk van Afrika**
Sondagoggend: 09h45
Sondagaand: 16h45
072 259 5246

**Elohim Apostolic Church Ministries of S.A.**
54 Brand Street
Sundays: 10h00
Apostel Freek Europa
073 451 0161

**Evangelies Gereformeerde Kerk**
Golfstraat 4, Bredasdorp
Sondagoggend: 10h00
Kinderbediening: 09h00
Sondagaand: 18h00
Leraar: Ds. Dillwyen Jones
076 571 8782 / 028 424 2847

**Every Nation Gemeente**
(Ou Apteek)
Dirkie Uysstraat 18
Bredasdorp
Sondagoggend: 09h30
Eben 082 598 9199

**Gereformeerde Kerk Agulhas**
Plantasiestraat, Bredasdorp
Erediens: 10h00
Nico du Plessis
083 572 4952
028 424 1993 (n/u)
028 435 6099

**Hervormde Kerk**
H/v Viljoen & Plantasiestraat
Bredasdorp
Sondagoggend: 08h00
028 514 1546

**Kingdom Revival Community Ministries**
Welverdiend Biblioteek
Ou Meulestraat
Sondagoggend: 10h00
Navrae: Past Minnie Jantjies
063 190 5361

**Koninkryk Bediening**
Rolbalsaal, Agulhas
Erediens Sondagaand: 18h00
Woensdagaand, Bybelstudie: 18h30, N.G. Kerksaal, Agulhas
Past Jetro kruger
082 678 6266

**Metropolitan Evangeliese Kerk**
Sondagoggend: 09h00
Sondagaand: 18h00
Eerw. H. Kastoor
028 424 1820 / 072 607 3423

**Morawiese Kerk**
Sondagoggend: 10h00
Woensdagaand: 19h30
H. Linnert
028 424 2497

**Morningstar Youth Five Fold Ministries**
(Arniston)
Sondagoggend: 09h30
Tel: 028 445 9224

**NG Kerk Bredasdorp**
**Sondagoggend : 09h30**
Sondagaand: Sien Kerkprogram

**NG Kerk Napier**
Engelse Diens: 08h00
Erediens: 09h30
Tel. 028 423 3457
Ds. Frikkie Marais
Sel. 083 664 6861

**NG Kerk Suidpunt**
Agulhas 08h00
Struisbaai 09h30

**Nuwe Apostoliese Kerk**
Sondagoggend: 09h00
Sondagskool: 11h00-12h00
Woensdagaand: 19h30
BREDASDORP
Sean Andrews
072 039 9461
NAPIER
George Diedericks
082 595 1363
STRUISBAAI
Karel Witbooi
073 012 3181

**Sewende Dag Adventiste Kerk**
Sabbatskool: 09h15-10h45
Erediens: 11h00-12h00
Leraar: P. Neuhoff
082 539 5478
Kontakpersoon:
S. Uitlander
073 020 2739

**South Point Interdenominational Church**
NG Church Hall
Cooper Street
Agulhas: 18h00
Des Moore
076 191 4832

**Suidpunt Christen Gemeenskap**
Hoofweg, Struisbaai
Oggenddienste: 09h30
Leraar: E.A. Mentor
079 340 1785

**The Church of Christ Jesus**
Struisbaai North
Morning Service: 11h15
Peet Zeeman /
Mike Steventon
082 816 2789

**VG Kerk Bredasdorp**
Sondagoggend: 09h30
Sondagaand: 18h00
Tel. 028 424 1227

**VGK Kerk Struisbaai**
Struisbaai-Noord
Sondagoggend: 10h30
Ds. Willie Kleyn
028 435 6783

**Waenhuis Pinkster Arniston**
Steenbrasstraat 557
Sondae: 10h00
Pastoor P. Leonard
072 607 3423







**TOP & BOTTOM: The ladies who prepare daily meals in the small kitchen at the Protem community centre's small kitchen were the beneficiaries of six colourful face masks donated by dr Christa Retief, a Bredasdorp based medical practitioner. The small rural community of Protem falls within the boundaries of Cape Agulhas and there are also families who presently have a hard time making ends meet. Food parcels have recently been delivered and the soup kitchen, sponsored by CAM and other roleplayers is an ongoing concern.**

# Protem se mense sien om na mekaar en Bredasdorpers reik ook uit!

**Protem is 'n klein, maar hegte gemeenskappie wat deel uitmaak van die Kaap Agulhas subdistrik. Protem lê effens dieper in die Overbergse platteland in – soos ons op Engelse sou gesê het, "slightly off the beaten track". Daar is silo's en 'n tak van die Overberg Agri en verder woel en werskaf dit net daar wanneer daar geoes word, wanneer een na die ander vragmotor vol graan daarheen aangekarwei word. Protem is en bly egter deel van een van Kaap Agulhas se wyke en KAM het uit hoofde hiervan ook R15 000 bewillig ten bate van die sopkombuis inisiatief wat deur die plaaslike owerheid in samewerking met ander rolspelers gedryf word.**

Daar word so baie gepraat van en geskryf oor die groter dorpe en stede en al die uitreik aksies wat daar gedryf word, dat mense geneig is om te vergeet van die kleiner dorpe en kleiner gemeenskappe. By hierdie klein, maar druk gebruikte gemeenskapsentrum op Protem, is daar 'n saaltjie en 'n kombuisie en ook 'n biblioteek, een van die mees gebruikte en mees aktiewe gemeenskapsbiblioteke in die streek – moontlik juis omdat die gemeenskappie so afgesonder en eenkant is.

Ook bakkies met welkome kospakkies vir gesinne wat in nood is, het op Protem 'n draai gemaak, terwyl plaaslike raakvatters ook in die kombuisie van die gemeenskapsentrum druk besig is met die voorbereiding van maaltye.

**Goeie nuus storie**

'n Plaaslike geneesheer, dr Christa Retief, het besluit om as 'n blyk van waardering uit te reik na hierdie dames wat daagliks in die kombuisie voedsel voorberei. Nadat sy 'n stukkie oor die Protem-uitreik raakgelees het, het sy summier ses pragtige kleurvolle gesigsmaskers geskenk en deurgestuur na Protem vir gebruik deur die dames in hierdie tyd vol uitdagings en nuwighede en andershede waarin ons onsself bevind.

Stuur gerus nog meer goeie nuus stories vir ons deur na Suidernuus!

**Ora Laubscher**







# Groot geluk by die ongeluk vir inwoner van Napier!

### *Te danke aan daardie oë wat deesdae so loer en loer agter toe venster en kantgordyne ...*

**In die vorige uitgawe van Suidernuus/ Southern Post het ons berig oor die geluk wat 'n inwoner van Riviersonderend te beurt geval het nadat sy beroof is en in die proses haar rugsak met beurs, kaarte en al verloor het. Haar sak is, nadat dit op die plaaslike gholfbaan gevind is, aan haar terugbesorg met al haar kaarte en ID onaangeraak daarin. Daar is in die artikel ook so terloops melding gemaak van 'n Napierdorper wie se selfoon deur 'n opportunistiese dief uit sy huis gesteel is. Ook hierdie storie, so het ons pas uit die spreekwoordelike perd se bek verneem, het uiteindelik 'n gelukkige einde gehad!**

'n Inwoner van Napier se selfoon is helder oordag uit sy huis gesteel, vermoedelik deur 'n werker wat in die omgewing werk en wat daar rondgeloop het. Gelukkig het iemand wat in die nabyheid woon "van agter die gordyn" gesien hoe hy koponderstebo weghardloop.

**Misdaad is sonder twyfel nie ook in grendeltyd nie**

Na aanleiding van 'n plasing wat, kort nadat die insident plaasgevind het, op een van die dorp se sosiale platforms verskyn het, het hierdie persoon die kloutjie by die oor kon bring en kon hy hierdie inligting deurgee. Met die hulp van die Napierse polisie en speurpersoneel is die opportunistiese dief uiteindelik wel suksesvol aangekeer en ondervra.

Die goeie nuus en die uiteinde van die saak was dat die slagoffer se eiendom deur die polisie teruggevind is by die adres waar dit te koop aangebied is. Nogal met simkaart en al.

Pas daardie selfone en tablette, vertel in tye soos hierdie, maar goed op en moet hulle nie sommer hier daar en oral agter oop deure laat rondlê nie want almal is ongetwyfeld nie in "lockdown" nie. Na wat verneem is, is die inbrekers steeds aan die gang, ten spyte van COVOID-19 se inperkings, maar die polisie doen ook hulle werk goed en bly ook kort op hulle hakke!

**Ora Laubscher**

# INFO / INLIGTING

## AUCTIONEERS/ AFSLAERS

**Overberg Afslaers**

**Eerste opsie, nie laaste uitweg!**

Independentstr. 18
Bredasdorp
Tel: 028 425 3423
Sel: 084 614 1849
obergauction@telkomsa.net

Besigtigingsure: Ma. - Do. 8 - 16:30 Vrydae 8 - 13:00
Vrydag voor veiling tot 16:00
Goeie gehalte, bruikbare items word ingeneem en verkoop: meubels, gebruiksartikels, oudhede en vele meer.
Vooraf en telefoniese aanbiedinge word ook aanvaar.
Kry ons ook op Facebook:
https://www.facebook.com/groups/454236327925759/

## AFDELINGSWINKEL

**Under Cover**
H/v Fletcher & Langstraat
Bredasdorp
Tel: 028 424 1113

**RUGBY**
* Puma & Adidas rugby boots
* Navy & white rugby shorts

**ACCESSORIES**
* Socks (Assorted colours)
* Mouth Guards
* Head Gear (Scrum Cap)
* Metal Tip - Studs

**SUMER SALE**

## ANTIEKE MEUBELS

**Antique Warehouse**
Goodshedstraat BREDASDORP
Tel. 028 425 1909 / Sel. 082 5677 835
Christo Geldenhuys koop en verkoop ongerestoureerde antieke meubels en boumateriaal

## AIR CONDITIONING

**GS AirMechElec Services**
082 543 8206
- Air-Conditioners • Cold Rooms
- Commercial Refrigeration
- Electrical Contractor
- Borehole Pumps & Water Solutions
- Windmills

*Based in Napier servicing the Overberg*
SUPPLY, SERVICE & MAINTENANCE

## ARTS & CRAFTS

**Kira's**
Winkel 4, Van Riebeeckstraat, Bredasdorp
Tel/Fax: 028 425 3918
WOOL * CRAFT
PACKAGING * GIFTS
Winkel-ure:
Maandag tot Vrydag 09h00 - 17h00
Saterdag 09h00 - 12h30

**BOEKE - BOEKE - BOEKE**
NUWE EN 2de handse boeke by Suiderpers te koop vanaf R10 - R500.
Afrikaans en Engels.

## BELIGTING / BLINDS

**BLINDINGS VIR STRUISBAAI**
**Kwaliteit blindings direk van vervaardigers.**
Ook kwotasies in Bredasdorp en Waenhuiskrans.
**Johan Oosthuizen**
Tel: 028 435 6118 | Faks: 028 435 6464
Sel: 082 902 6412

Cherie Schlebusch
Tel: 028 424 2925
INEX LIGHTING LAMPS, FITTINGS & BLINDS
YOUR LIGHTING & BLINDS SPECIALIST
QUANTUM TAYLOR
All Saint Street, Bredasdorp, 7280

**KO3I curtains & blinds**
measure, make-up and installation
cobus 0799047392

## BOUERS / BUILDERS

**Diedericks Konstruksies**
Geregistreerde Asbes Kontrakteurs
Langstraat 164
Bredasdorp, 7280
Sel: 072 705 9044
Tel: 028 424 1787
E-pos: demasdiedericks@gmail.com
KONTAK Demas
VIR ALLE BOUWERK, CONCRETE, PAVING, VERFWERKE EN SKOONMAAK VAN DAKKE

**BH BUILDERS HARDWARE**
*and secondhand building material*
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
Tel: 028 4252 911
Faks: 028 425 1031
E-pos: admin@bhgroup.co.za
Kontak: Marius Cronje
*The 911 for all your building supplies and hardware in the Cape Agulhas Region.*

**ELS BOUERS**
Geregistreerd: NHBRC, CIDB, BBR.
Goodshedstraat 5,
Industriële gebied, Bredasdorp
**Bouwerk van huise, store, aanbouings en restourasiewerk**
Kontak: Ockie Els
Tel: 028 425 1831
Faks: 028 425 2093
Sel: 082 570 0318
elsbouers@goggaconnect.co.za

## CARPET CLEANING

**SOAPY MOMENTS**
33 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
alitaneethling@gmail.com
072 278 1644 • 074 146 0624
CARPET & UPHOLSTERY CLEANING SERVICES

## GLAS

**SUIDPUNT GLASS & ALUMINIUM CC**
Plaaslike Vervaardigde Produkte
Vensters • Skuifdeure • Balkonrelings
Shopfronts • Stortdeure • Spieëls
Houtvervanging
Aluminium Diefwering
Tel./Faks: 028 435 6050/Sel. 082 380 1061

## GESONDHEID/HEALTH

DR. J E MYBURGH
DIAGNOSTIESE RADIOLOOG/ DIAGNOSTIC RADIOLOGIST
Diagnostiese x-strale, Sonars
Dirkie Uysstraat 11, BREDASDORP
TEL/FAX: 0284242153
GANSBAAI
Mammogramme / xstrale / sonars
TEL: 028 384 0048
Ons hanteer u Mediese Fonds eis

## HANDYMAN / NUTSMAN

**SUIDPUNT NUTSMANNE**
- Verf • Teël
- Instandhouding
- Waterdigting

Jaco 076 509 3634
jaconeet@gmail.com

## HERSTELWERK

**MBC Herstelwerke**
- Vervaardig en oprigting van staalkonstruksies
- Geregistreerde bouer van sleepwaens (SABS)
- Algemene instandhouding van plaasimplemente
- Algemene sweiswerk

Tel/Fax: 028 425 1825
Sel: 082 922 6733 / 082 922 6734
Email: mhmbc@webmail.co.za

## HOME IMPROVEMENTS

**MULTICOAT Home Improvements**
All Paint Products
Laminated and Vinyl Flooring
PVC Ceilings
Tel: 028 424 2925
C/O All Saints & Dirkie Uys, Streets, Bredasdorp

## HUISHOUDELIK

**TUPPERWARE BRANDS**
For home | For health | For life
-FREE delivery to your home or workplace
- For Your Latest SPECIALS Flyer
- : Zorinna on 076 239 6958
- @: zorinnaj@yahoo.com
(Earn Extra CASH and FREE Tupperware when JOINING)

## LANDMETERS & STADSBEPLANNERS

**Town & Country** Creative Land Solutions
Tel: 028 424 1545
Faks: 028 425 2085
Topografiese Opmetings
Bakenherplasings
Hoogtesertifikate
Ingenieursopmetings
Onderverdelings
Serwitute & Konsolidasies
Regstelling van Grense
**FRANK TRUTER: 083 412 4698**
**PROFESSIONELE LANDMETER**
Ontwikkelingsuitlegte
Onderverdeling van erwe en plase
Hersonering & Afwyking
Vergunningsgebruike
Opheffing van Beperkings
**LOUNA TRUTER: 083 481 3603**
**PROFESSIONELE STADSBEPLANNER**
Fletcherstraat 28, BREDASDORP

## LAUNDRY/ CLEANING

**SOAPY MOMENTS**
33 Dirkie Uys Street, Bredasdorp
alitaneethling@gmail.com
072 278 1644 • 074 146 0624
LAUNDRY

suidernuusads@isat.co.za
Info Advertensie
tel: 028 424 1205/16
**12 weke @ R400 vir enkelspasie**
**R800 vir dubbelspasie**

# Wanneer die Kaapse Winter en stormwinde begin nader kruip, skud die berugte "begraafplaas van skepe" sy vere reg ...

**Die Kaap van Storms het met die jare sy tol aan skepe en mense-lewens geeïs. Meer as een honderd ongevalle is hier aan ons eie Suid-Kaapse en Overbergse kuslyne aangeteken. Geen wonder dat daar by die ingang tot die Bredasdorpse Skeeps-wrak Museum se skeepswraksaal, 'n plak-kaat aangebring is waarop 'n skip wat besig is om in stormsee te vergaan, uitgebeeld word nie. Dit is per slot van rekening 'n skeeps-wrakmuseum – daarby gesê, die enigste van sy soort in Suid-Afrika.**

Die onderskrif onderaan die plakkaat herinner die besoeker daaraan dat die inhoud van die museum besonder interessant is, maar dat daar ook in gedagte gehou moet word, dat baie mense – oud sowel as jonk - hulle lewens verloor het op die einste skeepswrakke waarvan artefakte in die museum uitgestal word.

**Waarom het seilskepe van ouds bakstene en swaar houtkiste vol porselein in die skeepsrook of onderste ruimte vervoer?**

Ons gaan stel hierdie week ondersoek in na skepe wat in Meimaand hier aan ons mees suidelike kuslyn aan hulle einde gekom het – met spesiale verwysing na die ***Breederode***, 'n Nederlandse hout seil-skip wat op 3 Mei 1785 in die onstuimige koue waters in die omgewing van die Agulhas Rif ge-strand het. Die seilskip wat van China en Indo-nesië af onderweg was met 'n vrag bestaande uit onder meer tin, goud, tee, Chinese sy en speserye, het ook houers propvol Chinese porselein wat as "ballas" - op Engels "ballast" - in die ruim ge-berg is, aan boord gehad. Die kaptein was een van die 80 bemanningslede wat heelhuids uit die wrak gekom het met twee handevol wat nie gered kon word nie.

Die skip self is in 2000 nadat skattejagters en bergings spesialiste vir jare gedroom het van die dag waarop hulle hulle hande op die skate van die BREEDERODE sou kon lê, uiteindelik geberg. Die personeel van die Skeepswrakmuseum ken die verhaal en sit trouens jaarliks 'n spesiale uit-stalling op ter herinnering aan die veelbesproke "skip van skatte."

